

Hoekom ons spaargeld nodig het

Wêreldwye ekonomiese nuus: April 2011

Deur Kevin Lings en Laura Jones, STANLIB ekonome

Spaargeld is nodig om verouderende bevolkings te ondersteun en om voorsiening te maak vir beleggings wat ekonomiese groei 'n hupstoot kan gee. Die vraag is hoe die regering kan ingryp om die spaarkoers te verbeter.

Namate ontwikkelde en opkomende ekonomieë van die finansiële krisis begin herstel, moet hulle die belangrikheid daarvan om 'n spaarkultuur aan te moedig, sterk oorweeg.

Verouderende bevolkings plaas stremming op regeringsgeld

In Europese lande met ouer wordende bevolkings het dit 'n ekonomiese prioriteit geword om 'n hoër spaarkoers te bevorder. Europa se verhouding van werkende mense tot die afgetrede bevolking (die *afhanklikheidsverhouding*) is sowat 5 tot 1. Binne 'n paar dekades sal hierdie verhouding daal tot rondom 2 tot 1. As pensioentekkers slegs deur maatskaplike toelae onderhou moet word, sal dit daarop neerkom dat twee werkende mense een pensioentrekker sal onderhou. Dit is nie volhoubaar nie.

Spaar vir nasionale groei

Hoë spaarvlakke verlaag 'n land se afhanklikheid van en blootstelling aan die onvoorspelbare wêreldwye kapitaalmark. Ongelukkig is die spaarvlakke in Suid-Afrika baie laag, wat die land van buitelandse beleggings afhanklik maak om sy groei te finansier. Sodanige afhanklikheid is nie gesond nie – aangesien buitelandse beleggers dikwels in moeilike tye onttrek.

Vir individue is die inkorting van oormatige verbruik en om voorsorg te tref vir toekomstige welstand noodsaaklik vir die instandhouding en verbetering van lewensgehalte, sowel as om die regering te verlos van die las om jou oudag te finansier. In die lig van die besef dat persoonlike spaarpogings in Suid-Afrika gebrekkig en onvoldoende is, ondersoek beleidmakers maniere om oormatige verbruiksvlakke te inhibeer en terselfdertyd 'n spaarkultuur te bevorder.

Hoe regerings individuele spaarpogings kan bevorder

Hoewel die belangrikheid van spaar allerweë erken word, bly dit debatteerbaar of regerings betrokke moet raak by die aanmoediging daarvan. Siende dat die meeste mense nie genoeg spaar nie, moet regerings waarskynlik in 'n mate ingryp, maar die vraag is 'hoe?'.

Daar is verskeie benaderings wat gevolg sou kon word:

Verpligte spaarskema

Singapoer se Sentrale Voorsieningsfonds is in 1955 geloods as 'n verpligte spaarskema, wat behels dat 'n gedeelte van jou inkomste elke maand outomaties in 'n spaarrekening ingaan wat eers na jou aftrede beskikbaar word. Namate die land ontwikkel het, is aanpassings gemaak, byvoorbeeld in 1968 kon werkers met hul spaargeld woonstelle koop.

Sedert 1987, namate die lewensverwagting in Singapoer toegeneem het, het die regering van burgers verwag om vanaf ouderdom 55 'n minimum bedrag opsy te sit wat hulle teen aftree-ouderdom van 'n maandelikse inkomste sou verseker. Singapoer beklemtoon die belangrikheid van spaarpogings en die manier waarop ontwikkelende lande groei in hul BBP kan bevorder deur middel van die regte gesindheid en pro-aktiewe regeringsbetrokkenheid.

Belastingkrediete

'n Belastingkrediet sou aan individue wat in laer inkomstegroepe val, asook huishoudings wat bydra tot 'n gekwalifiseerde aftree-spaarplan, beskikbaar gemaak kon word. Dit behoort sowel werkgewerskemas as regeringskemas in te sluit. Die hoeveelheid krediet sou afhang van die bruto inkomste van die individu of die huishouding en die grootte van die bydrae wat gemaak word.

'Catch-22'

Ten einde sulke modelle in Suid-Afrika te laat werk, sou daar 'n drastiese verbetering in werkloosheidsyfers moet wees. Die Suid-Afrikaanse ekonomie word gekenmerk deur wyd uiteenlopende inkomstevlakke: die meerderheid van die bevolking verdien bitter min. Hul grootste bekommernis is oorlewing en dit gaan saam met 'n hoë geneigdheid om te verbruik eerder as om vir die toekoms te spaar.

Die onlangse vertraging in die werklike groei van huishoudelike inkomste teen die agtergrond van hoër koste en belastingverpligtinge lei daartoe dat huishoudings al hoe minder kan spaar. Daarteenoor, om werk te skep, word groter beleggings benodig wat deur spaargeld gefinansier is.

10% is al wat benodig word

Kom ons veronderstel dat mense jaarliks 10% van hul inkomste spaar en dat hulle jaarliks 'n salarisverhoging van 5% kry; dan sou hulle binne veertig jaar byna 13 keer die bedrag van hul jaarlikse inkomste spaar.

Dit word bereken dat die meeste afgetredenes sowat 80% van hul jaarlikse inkomste benodig om hul lewenstyl te finansier, wat beteken dat spaarpogings gelykstaande moet wees aan byna 16 jaar van 'n afgetredene se jaarlikse inkomste (wat gelykstaande is aan 13 keer die grootte van die jaarlikse werkende salaris). Gebaseer op 'n algemene lewensverwagting van 80 jaar, sal hierdie soort spaarpoging die meeste mense oor 'n tydperk van baie jare goed te pas kom.

Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nóg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nóg 'n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.